COMMONWEALTH
WAR GRAVES

# Gedragskode vir Verskaffers

Die Statebond Oorlogsgrafte Kommissie (Commonwealth War Graves Commission, CWGC) word toevertrou met die eer om te sorg vir die grafte, gedenktekens, rekords en verhale van diegene uit die Statebond wat in diens gesterf het, of as gevolg van konflik in die twee Wêreldoorloë.

As n organisasie wat ons aanvaarde "CARE" beginsels in ons daaglikse handelinge ten toon stel, is die CWGC is n blywende sorg organisasie wat met die en asook ons kultuur en die gepaardgaande gedrag in die verband reflekteer word, is dit belangrik vir ons, dat dieselfde gedrag, verpligtinge en verwagtinge, geld vir diegene wat saam met, of vir ons werk.

Indien daar 'n werksverhouding met CWGC gesluit word , vereis ons dat die betrokke partye aan alle toepaslike wetgewing en regulasies moet voldoen. Verder verwag ons ook dat alle verskaffers die volgende 8 beginsels wat wetlike en etiese gedrag tentoonstel as 'n reglement aanvaar word wanneer daar handel gedryf word:

1. Die Verskaffer sal doeltreffende maatreëls teen omkopery en korrupsie in plek hê.

Dit beteken dat die Verskaffer, en diegene wat daar werksaam is, sal:

- onderneem om nie omkoopgeld betaal of ontvang nie.
- onderneem om nie "swyggeld betalings" te maak nie (bv. om 'n staatsdiens of -beheer te bespoedig of te omseil).
- onderneem om aan al die toepaslike vereistes van die omkopery wette en Britse omkopery wetgewing te voldoen.

2. Die Verskaffer sal botsing van belange vermy.

Dit beteken dat die Verskaffer, en diegene wat daar werksaam is, sal:

- onderneem om enige finansiële of persoonlike belangstelling wat die belange van die CWGC kan benadeel te vermy. Alle handelinge moet die belang van CWGC onderskryf.
- indien enige persoon of personeellid 'n finansiële belang, of 'n persoonlike belang het wat die werke of 'n transaksie van die CWGC kan beïnvloed moet sodanige belang voor die tyd verklaar word.

3. Die Verskaffer sal nie betrokke raak by, enige vorm van slawerny of mensehandel, of ander uitbuiting van menseregte duld nie.

Dit beteken dat die verskaffer, en die gene wat daar werksaam is, sal:

- nie handelinge wat omskryf kan word as dwangarbeid beoefen nie, as ook die gebruik van kinderarbeid duld nie.
- nie die beginsels of praktyk wat as slawerny geklassifiseer kan word, in enige hoedanigheid of manier gebruik nie.
- nie die vrylike beweging van die werknemers beperk nie.
- nie mensehandel dryf of gebruik maak van persone wat verhandel is nie, in die werksaamhede van die organisasie.
- sorg dat billik lone betaalbaar is en daar nie willekeurig enige gelde wederregtelik weerhou of terughou word nie.
- sorg dat billike, wettige dienskontrakte in plek is en sodoende uitgevoer word.
- sorg dat alle menseregte wette en aanvaarde praktyke nakom word.

4. Die Verskaffer sal diegene wat vir, of saam met die verskaffer werk, met gelykheid en met waardigheid en respek behandel.

Dit beteken dat die verskaffer, en diegene wat daar werksaam is, sal:

- nie werknemers of persone sal afknou, teister en intimideer nie.
- nie diskrimineer nie
- sorg vir regverdige en gelyke behandeling van mense ongeag die ouderdom, ras, kleur, nasionaliteit, geloofsoortuiging, geslag, huwelike-vennootskap status, swangerskap, vroulikheid en seksuele oriëntasie.
- sorg dat daar aan al die vereistes van die relevante wette en aanvaarde praktyke wat betrekking het op gelykheid en teen-diskriminasie voldoen word.

5. Die Verskaffer sal sorg vir 'n veilige en gesonde werksomgewing .

Dit beteken dat die Verskaffer, en diegene wat daar werksaam is, sal:

- beskik oor die nodige vaardighede en sorg dat die personeel die nodige opleiding ontvang.
- verseker dat alle werkstoerusting veilig, behoorlik onderhou en doelgerig is, en dat die veilig gebruik en gestoor word.
- sorg dat almal aan die vereistes van die gesondheid en veiligheid wetgewing nagekom word.

6. Die Verskaffer sal ten alle tye omgewings bewus wees, en alle handelinge sal sorg dat die omgewing geen skade sal lei nie.

Dit beteken dat die Verskaffer, en diegene wat daar werksaam is, sal:

- sorg dat daar met alle omgewingswette voldoen word en dat daarna gestreef word om aan alle beste praktyk / standaarde i.v.m. die omgewing te voldoen.
- sorg dat die omgewingsimpak geminimaliseer word met betrekking tot die bedrywighede, en die verskaffing van goedere / dienste deur die verskaffer of deur derde partye wat aan die CWGC gelewer word.
- sorg dat alle handelinge met betrekking tot rommel en afvalbestuur in terme van die wet en aanvaarde praktyke bestuur word.

7. Die Verskaffer sal verseker dat geen goedere deur onwettige of onetiese praktyke verkry word nie.

Dit beteken dat die Verskaffer, en diegene wat daar werksaam is, sal:

- sorg dat geen goedere van enige aard wat deur onwettige of onetiese praktyke verkry word nie aan die CWGC verskaf word nie. En dat dit verskaffer die oorsprong van alle goedere kan bevestig en sodoende oorsprong kan bewys indien versoek.
- sorg dat geen minerale vanaf konflik geteisterd gebiede aangekoop of verhandel word nie.

8. Die Verskaffer sal ons intellektuele eiendom, data en vertroulike inligting beskerm teen ongemagtigde toegang of gebruik.

Dit beteken dat die Verskaffer, en diegene wat daar werksaam is, sal:

- sorg dat die CWGC-data veilig en vertroulik gehou word.
- sorg dat geen CWGC-data sonder die nodige toestemming gedeel sal word (insluitend die deel van inligting met die verskaffer se subkontrakteurs).
- sorg dat die verskaffer se personeel geen CWGC-handelsmerk klerasie sal dra en enigiets doen wat die indruk sal skep dat hulle 'n werknemer van die CWGC is nie.
- sorg dat daar aan al die vereistes van die toepaslike databeskerming wette voldoen word.
- sorg dat enige data- of inligting sekuriteit kwessies onmiddellik aan die CWGC gerapporteer word.

Die CWGC kan teen alle tye, voor of gedurende die werksverhouding, die verskaffer versoek om die nodige bewyse ter tafel te lê, ter stawing van al die bogenoemde vereistes. Indien die verskaffer weens een of ander rede, nie aan die vereiste kan voldoen nie, behou die CWGC die reg voor om nie 'n werksverhouding aan te gaan nie. Verder indien 'n bestande verskaffer nie aan die versoek vir bewyse kan voldoen nie, kan enige bestande werksverhouding deur die CWGC beëindig word.

Die CWGC moedig alle verskaffers / werknemers aan om uit te praat oor enige kwessie, oortreding of onetiese gedrag met betrekking tot ons werksaamhede of die voorsienings van goedere ketting. Enige kommentaar of bekommernisse kan per E-pos aan: concerns@cwgc.org gestuur word.

Indien daar enige navrae of vrae ontstaan, in verband met hierdie Gedragskode vir Verskaffers, moet die navraag direk met die CWGC-kontak persoon opneem word. Alternatiewelik, kan 'n e-pos aan die CWGC se nakoming span gestuur word by compliance.ethics@cwgc.org.

Weergawe beheer

<table>
<tr><td>Naam van dokument</td><td colspan="3">Gedragskode vir Verskaffers</td></tr>
<tr><td>Weergawe</td><td colspan="3">1.0</td></tr>
<tr><td colspan="2">Eienaar van dokument</td><td>Effektiewe datum</td><td>Datum vir hersiening</td></tr>
<tr><td colspan="2">Algemene raad</td><td>01/12/2023</td><td>01/12/2025</td></tr>
</table>